## Huldeblyk

**Marni Bonthuys**

Hierdie spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* (*TNA*) word opgedra aan Steward van Wyk en Anastasia de Vries. Kollega Anastasia en ek het, ná ’n voorstel van prof. Hein Willemse, hierdie *TNA*-uitgawe beplan ter ere van Steward met sy aftrede as professor in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) aan die einde van 2024. Anastasia sterf egter onverwags in Augustus 2024, wat tot die besluit gelei het om dié uitgawe aan beide haar en Steward op te dra.

Anastasia se skielike dood en Steward se aftrede was vir ons Departement ’n enorme slag. Twee bekwame senior kollegas, wat toonaangewende figure was in die geskiedenis van hierdie Departement asook in die breër veld van Afrikaans en Nederlands, het die Departement in dieselfde jaar verlaat. Beide Steward en Anastasia is ook geliefde figure wat as mentors en vriende talle kollegas en studente se denke, loopbane en harte oor die jare geraak het. Om hierdie rede het al die huidige personeellede van die Departement sowel as ’n aantal oud-kollegas asook kollegas aan ander Afrikaansdepartemente graag bydraes in hierdie uitgawe van *TNA* gelewer.

Oor sowel Anastasia as Steward se loopbane en bydraes tot die uitbou van die Afrikaanse taal en kultuur is al heelwat in die media geskryf. Aangesien *TNA* se fokus veral die Neerlandistiek en die verbintenis met Afrikaans is, fokus ek hier vernaamlik op hulle bydraes op die gebied van studie in en oor Nederlands.

Anastasia Jane de Vries is in 1960 gebore. Sy het in Ravensmead in die Kaap grootgeword, ’n heimat wat dikwels terug te vind is in haar kreatiewe sowel as joernalistieke skryfwerk. Sy voltooi ’n B.A.-graad (1988) en Honneurs B.A. (1989) aan UWK en doseer saam met haar mentor, prof. Wium van Zyl, Nederlands in die tagtigs en negentigs. Vroeg in haar doseerloopbaan was die Departement Nederlands nog apart van Departement Afrikaans aan UWK, met laasgenoemde wat die grootste Afrikaansdepartement in die land was. Dit sou saamsmelt om die Departement Afrikaans en Nederlands te vorm soos dit vandag daar uitsien. In 1992 behaal Anastasia die kwalifikasie Drs. Litt. met die fokus op Nederlandse taalkunde aan die Vrije Universiteit Amsterdam in Nederland. Om as ’n jong bruin vrou tydens die kulturele boikot ’n Drs. Litt. in Nederlands aan ’n gerekende universiteit soos die VU in Nederland te behaal, illustreer watter uitsonderlike akademikus sy was – haar tyd vooruit wat die studie van Afrikaanse en Nederlandse taal- sowel as letterkunde as vergelykende velde betref.

Ná Anastasia vanaf 2000 as (bekroonde) joernalis vir Media24 werk en betrokke is by Universiteit Stellenbosch sowel as Noordwes-Universiteit (Potchefstroom), sluit sy in 2014 weer voltyds aan by UWK se Departement Afrikaans en Nederlands. Sy neem by Van Zyl oor as dosent in Nederlands en word ook UWK se verteenwoordiger op die Kaapse Forum vir Neerlandistiek. By UWK bou sy voort op die basis gelê deur akademici soos Steward van Wyk, Wium van Zyl en Abraham H. de Vries (jarelange gasdosent in Nederlands aan UWK) om studente se belangstelling in Nederlands lewendig te hou. Sy fokus in haar kursusse veral op koloniale tekste uit Suriname en die Nederlandse Antille. Tot met haar dood het sy van die grootste tweedejaar- en derdejaarklasse in Nederlands in Suid-Afrika hanteer – ’n nalatenskap wat vandag aan UWK steeds te siene is.

Kort voor haar dood word sy deur die Gentse Sentrum vir die Studie van Afrikaans en Suid-Afrika gevra om as hoofspreker by hulle jaarlikse simposium in België op te tree. Op hierdie geleentheid in November 2024 word ook spesiale melding gemaak van Anastasia se unieke bydrae tot die vakgebied. Anastasia was ten tyde van haar dood besig met ’n Ph.D. oor die rol van Afrikaans in die Rooms-Katolieke Kerk. Self was sy ’n toegewyde Katoliek met ’n diep liefde vir haar taal en haar studente – ’n gewaardeerde eienskap soos die talle huldigingsboodskappe in die media deur haar studente getuig.

Steward van Wyk is in 1959 te Suurbraak naby Swellendam gebore. Hy behaal ’n B.A.-graad (1980), Sekondêre Onderwysdiploma (1981), Honneurs B.A. (1984), M.A. (1992) en D.Litt. (1999) aan UWK. Sedert 1988 is hy ook as dosent (toe junior lektor) betrokke by die Departement Afrikaans en Nederlands. Vir jare beklee hy die posisie as departementshoof en later ook as visedekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe (UWK).

Ook Steward doen navorsing in die middel tagtigs in Nederland, in sy geval aan die Rijksuniversiteit Utrecht. Hy voltooi ’n histories belangrike proefskrif oor die rol van Adam Small in die Afrikaanse letterkunde getiteld: “Adam Small: Apartheid en skrywerskap”. Veral sy bydrae in navorsing en uitbouing van die tradisie van Swart Afrikaanse Skryfwerk kan as ’n belangrike aspek van sy literêre nalatenskap beskou word. Steward was naamlik betrokke by die organisasie van ál die Swart Afrikaanse Skrywersberade wat aangebied is – vanaf die eerste keer in 1985 by UWK tot onlangs weer in 2025, ook op UWK se kampus. Die rol van die Swart Afrikaanse Skrywersbeweging as teenhegemoniese stem en verteenwoordigend van swart en bruin Afrikaanse skrywers sowel as -sprekers in ’n letterkunde oorheers deur ’n wit establishment, kan nie onderskat word nie. Op die oog af hou hierdie navorsingsfokus nie met Steward se werk in die Neerlandistiek verband nie.

Hy koppel sy werk oor Swart Afrikaanse Skryfwerk egter aan die nalatenskap van slawerny, grotendeels meegebring deur Nederlandse kolonialisme, wat deel vorm van talle swart Afrikaanse skrywers se kulturele erfenis. Tydens navorsingsverblyf aan die Universiteit van Minnesota in die VSA, Universiteit Gent in België en Rijksuniversiteit Groningen in Nederland ondersoek hy hierdie verbintenisse.

Vir sy bydrae ten opsigte van sy internasionaal erkende navorsing in Afrikaans en Nederlands ontvang hy dan ook die Sarton-medalje van Universiteit Gent in 2017. Op die gebied van die bou van kulturele netwerke tussen Afrikaans en die Lae Lande was Steward talle jare werksaam op die bestuur van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, onder meer as ondervoorsitter. Steward se professionele en persoonlike verbintenisse met Neerlandici, ook van ander eertydse Nederlandse kolonies soos Suriname, die Antille en Indonesië, was vir die veld van Afrikaans-Nederlandse studies in die breë van groot waarde.

Dit is ’n voorreg om hierdie uitgawe van *TNA* aan twee sonderlinge Afrikaans-Nederlandse akademici op te dra wat inderdaad die kring vir álle studente en navorsers in ons veld groter gemaak het.

.

*Universiteit van Wes-Kaapland*